# DISSIPLINÊRE STELSEL: 2013

- Elke onderwyser kry kaartjies wat 1, 2 of 3 genommer is.
- Sodra ‘n leerder oortree of hom/haar wangedra, ontvang hy/sy ‘n kaartjie met ‘n nommer 1 op, wat dan dien as ‘n 1ste waarskuwing.
  - Die kaartjie word dan deur die leerder vir die hele dag gedra.
- Volledige rekord moet op die voorgeskrewe vorm (LE 51 ) gehou word, waarom die leerder ‘n nommer 1 kaartjie ontvang het!

  Indien die leerder weer op dieselfde dag oortree, ontvang hy/sy ‘n kaartjie met ‘n nommer 2 daarop.
  - Die 2de kaartjie dien as ‘n “Time out” kaartjie wat beteken dat die leerder in elke klas, vir die res van die dag, afgesonder word van die res van die klas.
  - Hy/sy moet dan alleen by ‘n bank sit (weg van die ander kinders af).
  - Onderwysers moet ‘n “Time out” tafel of hoek reserveer vir die leerders wat ‘n 2de kaartjie ontvang het.
  - Die 2de kaartjie word saam met die 1ste kaartjie aangesteek, en dien ook as ‘n 2de waarskuwing.
  - Weereens moet LE 51 volledig voltooi word sodat goeie rekord gehou word van wat die oortreding was!
- Sou ‘n leerder weer gedurende dieselfde dag oortree, ontvang hy/sy ‘n kaartjie met ‘n nommer 3 daarop.
  - In hierdie geval word die leerder na die adjunkhoof\hoof gestuur, wat dan reël dat ‘n sms aan die betrokke leerling se ouers gestuur word, om hulle van die leerder se wangedrag, in kennis te stel.
  - Die leerder ontvang ook dan 20 debietpunte wat deur die adjunkhoof op LE 52 ingevul word .
- Nadat die sms klaar aan die ouers gestuur is, word die leerder teruggestuur klas toe. Die leerling neem die 3 kaartjies na die onderewyser/es wat dit aan hom/haar uitgereik het. Die siklus begin dan weer van voor af! Indien hy/sy weer skuldig bevind word, ontvang hy/sy weer ‘n nommer 1 kaartjie.

## STAPPE WAT GENEEM WORD INDIEN DIE LEERDER SE GEDRAG NIE VERBETER NIE:

1. Indien die leerder vir die 2de keer ‘n nommer 3 kaartjie ontvang:
   - Ontvang hy/sy 50 debietpunte
   - ‘n Tweede sms word aan die ouers gestuur vir kennisname van hul kind se gedrag.
2. Indien die leerder vir die 3de keer ‘n nommer 3 kaartjie ontvang:
   - Word 80 debietpunte toegeken.
   - ‘n Derde sms word aan die ouers gestuur waarin hulle gevra word om skool toe te kom, waar hulle dan meegedeel word dat, hul kind die voorreg om Emmie drag te dra, hom/haar ontneem word.
   - Indien die leerling ‘n leerlingraadslid is, word hy/sy onthef van sy/haar leerlingraadskap vir die res van die kwartaal.
3. Indien die leerder vir die 4de keer ‘n nommer 3 kaartjie ontvang:
   - Ontvang hy/sy 80 debietpunte
   - ‘n Vierde sms aan die ouers waarin hulle gevra word om weer skool toe te kom en dan ingelig word dat hul kind se voorreg om aan enige opvoedkundige uitstappies/toere of sport toere deel te neem, hom/haar ontneem word!
   - ‘n Graad 6 leerder se naam word ook van die lys afgehaal vir ‘n moontlike leerlingraad kandidaat.
4. Indien die leerder vir die 5de keer ‘n nommer 3 kaartjie ontvang:
   - ’n Vyfde sms aan die ouers waarin hulle ingelig word dat hul kind in ‘n dissiplinêre verhoor voor beheerliggaam moet verskyn.

ALGEMEEN:

1. Die klasleiers monitor dat die oortreders hul kaartjies dra.
2. Indien die leerder nie die kaartjie vertoon nie, ontvang hy/sy ‘n volgende nommer kaartjie as gevolg van sy/haar oneerlikheid.
3. Elke onderwyser is verantwoordelik vir sy/haar eie kaartjies, en moet seker maak dat dit ingeneem word aan die einde van die dag.
4. Om die stelsel suksesvol en glad te laat loop, is akkurate rekordhouding van die uiterste belang.
5. Elke leerder ontvang ook in elke graad ‘n LE 52 vorm wat in sy/haar blou profiel geplaas word. Elke keer wanneer die leerder ‘n nommer 3 kaartjie ontvang word dit so aangeteken op die LE 52 vorm. Elke jaar ontvang ‘n leerder ‘n nuwe LE 52 en die vorige vorms word in die profiel geplaas.
6. Indien ‘n leerder ‘n kaartjie verloor sal die onkoste om die kaartjie te vervang van die leerder verhaal word.
7. Indien ‘n leerder ‘n opeenvolgende oortreding by dieselfde onderwyser begaan, kan ‘n nommer 2 of 3 oortreding (kaartjie) aan hom of haar toegeken word, bv.
    - Maandag – Huiswerk nie gedoen by Juf. X – Nommer 1
    - Dinsdag – Boek by die huis vergeet by Juf. X – Nommer 2
    - Woensdag – Het nie klas by Juf. X nie
    - Donderdag – Toets nie ingehandig/geteken nie by Juf. X – Nommer 3